Oordenking
30 September 2009

Tiende herdenking van Eenwording van die UPCSA.

Ons vier vanjaar die 10de herdenking van die eenwording van die voormalige "Reformed Presbyterian Church" en die "Presbyterian Church of Southern Africa". Ons het op 27 September 1999 die "*Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA)"* geword.

Eenwording en die viering daarvan is belangrik, want eenheid tussen alle Christene is 'n Bybelse beginsel. Ons bely tog elke Sondag dat ons glo in die "een, heilige, algemene Kerk", omdat die Bybel leer dat daar net een Liggaam onder een Hoof en Koning is. As Christene met die dieselfde leer, kerkregering en geskiedenis nie in een geestelike huis kan saamwoon nie, wie kan?

Ons moet beide ons eenwording en ons eenheid te midde van verskeidenheid, vier. Jesus het duidelik in Joh 17 gesê dat die ongelowige wêreld sal glo dat Hy Here en Verlosser is as hulle sien dat ons een is, soos Hy en die Vader een is. Dit is ons uitdaging en ons roeping.

Kom ons bewys dank teenoor die Here dat Hy ons *eenwording* sover bewaar het, ten spyte van die feit dat baie praktiese sake en histories kulturele aangeleenthede nog opgelos moet word. Kom ons bid, ter wille van ons getuienis in die wêreld, dat ons een sal bly en die Here en sy Koninkryk met entoesiasme, liefde en passie sal dien, as mense wat sy prioriteite vir sy werk verstaan en wat in eenheid leef en werk volgens die beginsels van sy bediening.

'n Gebed vir die Kerk van Christus en vir die UPCSA, terwyl ons die reis na eenheid hierdie week herdenk:

Ewige God, wat ons meer prys as enige iemand anders, o Allerheiligste
voor wie engele hulle gesig bedek met nederige eerbied en liefde,
ons erken die heerlikheid van die Drie-enige,
en aanbid U, Vader, Seun en Heilige Gees.

Here van hemel en aarde,
ons dank U vir elke seëning waarmee U die mensdom geseën het
deur die werk van u wêreld-wye Kerk.
Ons dank U vir die onderrig in die Heilige Skrif,
die prediking van u Woord,
die genade van die sakramente,
en vir die gemeenskap met Christus en met mekaar.
Ons dank U vir die heilige voorbeeld van u getroue dienaars
wat ons voorgegaan het
en stem saam met hulle gebed
dat ons tog eendag sal tel onder die skare van verlostes,
wanneer Jesus weer in heerlikheid kom.

Ons dank U in die besonder vir die
Uniting Presbyterian Church in Southern Africa,
as vertakking van u een, heilige, algemene Kerk,
en vir 10 jaar van eenheid wat U aan ons gegee het
sodat ons getuies van die eenheid van die Liggaam van Christus kan wees.

Ons bid dat U ons sal vergewe,
vir die kere toe ons nie na mekaar geluister het nie
en vir elke manier waarop ons nie, ter wille van ons eenheid,
ons vooroordele en wat ons eie groep verkies ter wille van eenheid laat vaar het nie.
Maak ons vry van elke mislukking van die verlede,
en van elke vorm van eie belang en trots,
sodat ons die eenheid van die Liggaam van Christus beter aan die wêreld kan wys.

Almagtige God en heilige Vader,
voorsien vir die UPCSA alles wat ons nodig het om
te groei tot die volle mate van die grootte van Christus:
onderwysers wat ons kinders leer van u genade en liefde,

leraars om u Woord en Sakramente te bedien,
ouderlinge wat U dien met deur hard en getrou met integriteit te werk,
versorgers vir die armes en die wat swaarkry,
en vir elke gemeente ’n plek om te aanbid wat U sal verheerlik.

God ons Vader, U is die bron van waarheid en vrede.
Hoor ons gebed vir die Kerk van Christus op aarde. .
Kyk na alle mense met groot barmhartigheid.
Suiwer ons harte van elke vorm van skynheiligheid, valsheid en vooroordele,
sodat ons wat een Here, een geloof en een doop bely,
ja almal wat Christus geroep het, een van hart en gedagte sal wees
en so die eenheid van die Liggaam van Christus sal manifesteer in die wêreld,
tot die eer en verheerliking van u Naam.

Ons bid vir elkeen wat die Evangelie uitdra in die wêreld,
dat deur hulle u Heilige Gees baie sal bereik vir die Vader.
Ons bid vir elkeen wat u Woord ontvang,
dat hulle ook getuies sal wees van U heerlikheid.
Lei u kinders deur u liefdevolle wysheid,
sodat die vrede en eenheid waartoe U die familie van God op aarde geroep het
meer en meer sigbaar mag word in ons land
en tussen alle mense op aarde.
Neem alles weg wat die verspreiding van u Waarheid verhinder,
roep die wat agterlosig geraak het tot herlewing;
bring die wat boos is tot bekering;
vergeef elkeen wat berou het;
versterk die gelowiges;
beskerm en lei ons kinders;
vertroos en genees die wat siek is en help die wat swaarkry,
Deur Jesus Christus ons Here.

O God, seën Afrika:
beskerm haar kinders,
lei haar leiers
en skenk aan haar vrede,
ter wille van Jesus Christus.
Amen.

Jesus Leef! Jesus is alive!
uJesu u ya phila! Jesu oa phela! Yesu wa hanya!